# SURVIVOR Kamp

## Gr 8 - 10's

**17 - 21 Junie 2024**

Is reg vir n Avontuur ervaring, waar jy deur dinge wat jy ervaar en doen, meer van jouself en jou talente leer?



Early Bird inskrywings **betaal R1000** vir inskrywings en volledige betaling ontvang voor 30 April 2024



Kampgeld **R1200 pp**

Afbetaling Welkom! R500 minimum inskrywingsgeld verseker jou plek

**KAMPLEIER**
**Ds Freddie Prozesky 076 930 7502**

**INSKRYWINGSVORMS EN ADMIN NAVRAE:**
Anita Hurn (015) 491 3537 / Whatsapp 083 297 5471
**E-pos:** hurnanita@gmail.com

**Maandag 17 Junie**
(Aankomstyd tussen 10:30 en 11:30
**ASB NIE VROEER NIE!!**
**Ons program begin 12:00)**
**tot**
**Vrydag 21 Junie**
**(Vertrektyd 09:00)**

**EIE VERVOER**
(jou ouers moet bereid wees om jouself op die kamp af te laai)

---

### WIE GAAN DIE LEIDING NEEM?

Bekende leraars van die Ned. Geref. Kerk tree op as Geestelike leiers. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir jou onvergeetlik te maak. **Die kampleier is Ds Freddie Prozesky 076 930 7502 (NG Pietersburg-Noord)**

### WAT GAAN ONS DAAR DOEN?

Jy gaan wonderlike dinge leer van jouself, van jou maats en jy gaan nie een lesing hê nie! Jy gaan avontuurlike dinge in die natuur doen en sommer baie pret hê … en nog ander verrassende dinge doen.

### KOSTES - R1200-00 per persoon

Doen gerus navraag by jou kerkkantoor tov Subsidie.
Afbetaling kan gereël word. 'n Minimum van R500 pp inskrywingsfooi verseker jou plek. Kontak ds Freddie of Anita Hurn.
**Early Bird Inskrywings betaal R1000pp, vir inskrywing en volledige betaling ontvang voor 30 April 2024**

### NOODGEVALLE:

Indien jy enige aandag t.o.v. allergieë, 'n siektetoestand of behandeling moet kry, moet jou ouers asseblief 'n nota saam met jou na die kamp toe stuur. Dit moet so gou as moontlik aan die kampleier oorhandig word. **(Maak ook seker dat die inligting op jou inskrywingsvorm aangeteken is**).
***Maak asb self voorsiening vir etes indien jou kind aan ernstige kos allergieë ly.***

**Die kampleier** se nommer is 076 930 7502 (OF Anita Hurn 083 297 5471 vanaf 14 Junie). Let asb daarop dat selfoon seine baie swak is. Stuur gerus 'n sms indien u nie die kampleier in die hande kry nie! Ons sal so gou moontlik u oproep beantwoord.

**VERVOER** Eie vervoer (Jou ouers moet jouself by die kamp aflaai)

### WAT MOET JY SAAMBRING?

- Jou Bybel
- Notaboekie en pen
- Kussing om op te sit (opsioneel)
- Slaapsak of beddegoed – daar is gemaklike beddens (bring genoeg – dit word nogal baie koud)
- Eetgerei – bord, koppie, lepel, mes en vurk, vadoek en WATERBOTTEL.
- Gemaklike klere – onthou iets warm vir die aande. Gemaklike tekkies en 'n hoed vir die son
- Swemklere vir die warmbron + sonbrandroom
- **Ou klere wat mag verniel + 'n dik baadjie vir pyn(t)bôl**
- Sakgeld – ons het 'n snoepie (Ons werk ongelukkig net met Kontant)
- Jou eie tandeborsel EN toiletware, bad- en swemhandoek
- Battery-lig of flits gedurende beurtkrag
- ***NB:'n Sakkie beskuit om in te handig by die kombuis***

MATRIEKS EN OUER KAMP SAAM AS PERSONEEL / GROEPLEIERS - Skakel gerus Ds Freddie of Anita Hurn

**BAIE BELANGRIK - selfone en snoepiegeld kan maklik wegraak.**
**Jy kan dit op die kamp inhandig / inbetaal by die admin dame vir veilige bewaring.**
Die RJK neem geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade van enige selfoon en of gelde of persoonlike items nie!

**MAAK ASB SEKER DAT ONS JOU INSKRYWINGSVORM HET VOOR VRYDAG 7 JUNIE.**
**KAMPGELDE MOET INBETAAL WORD VOOR DIE KAMP BEGIN BEHALWE VIR DIE WAT ANDERS AANGEDUI HET.**
**ALTERNATIEWE REëLINGS MOET MET DIE KAMPLEIER GETREF WORD!**

## PERSOONLIKE BESONDERHEDE

# Hoërskool jongmense (Gr 8 - 10)

**Van:** ______________________ **Noemnaam:** ______________________

**Sel nr van jongmens :** ______________________ **E-pos adres** ______________________

**Woonadres:** ______________________

**Skool :** ______________________ **Graad** ______________________

SEUN | DOGTER **(merk die toepaslike)** **Geboortedatum:** ________ / ______ / __________

## BETALING OPSIES: 

(Merk asb duidelik wat van toepassing is. Enige spesiale reëlings rondom betalings moet asb met die Kampleier / Admin dame gedoen word. Geen inskrywing word aanvaar sonder volledige betaling van kampgelde of R500 deposito nie. 'n Minimum bedrag van R500 verseker jou plek)

**Ringsjeugkommissie,**
**Absa Bank, Tak nr 334348,**
**TJEK Rekening nr 121 0143 978**

***As ons nie 'n definitiewe reëling t.o.v. kansellasie, ten minste voor of op 7 Junie ontvang nie, sal geen kampgelde aan jou terugbetaal word***

- ☐ EFT (Merk betaling duidelik met jou naam en van)
- ☐ Kontant by Gemeente
  Naam van Gemeente / Kerk ____________________ Kontakpersoon __________________
- ☐ Kontant inbetaling op Kamp
- ☐ Afbetaling (Gereel met Ds Freddie of Anita Hurn)
  R500 deposito betaal op ________________ daarna afbetaling as volg ______________________

***VERVOER : Hierdie gedeelte is slegs vir opname doeleindes. Jou ouers moet bereid wees om jouself op die kamp af te laai!***
(Merk asb duidelik wat van toepassing is)

- ☐ Indien enige vervoer (alternatiewe vervoer) beskikbaar is, sal ek graag daarvan gebruik wou maak.
  Ek verstaan dat addisionele vervoerkoste gevra sal word vir veroer wat gereel sal word.
- ☐ My ouers kan help met vervoer. Ons het plek vir _________ (getal jongmense) ________________________________
  Verantwoordelike persoon se naam en kontak no.

## BESONDERHEDE VAN OUER / VOOG: 

Die volgende word in geval van mediese of hospitaalbehandeling benodig.

NAAM EN VAN; VAN OUER ______________________

ADRES (Indien verskil van kind) ______________________

SEL NR ______________ WERKS NR ______________ E-POS ADRES ______________

BEROEP ______________________

MEDIESE FONDS ______________________ MEDIESE PLAN ______________________

HOOFLID ______________________ LID NR ______________________

NAAM, ADRES & KONTAK NR VAN FAMILIELID / VRIEND

______________________________________________

## VRYWARINGSVORM EN TOESTEMMINGSBRIEF :

Ek/Ons, die ouers/voog van ________________________________gee hiermee toestemming dat my kind die Survivorkamp van 17—21 Junie 2024 te Badseloop, totaal op eie risiko mag bywoon. Ek gee ook toestemming dat my kind met die bus / alternatiewe vervoer soos gereël deur die RJK / betrokke leraar / gemeente mag ry en ons vrywaar die Ringsjeugkommissie of kamppersoneel / leraar / gemeente van enige aanspreeklikheid ten opsigte van beserings of ongelukke wat my kind mag opdoen, en enige gevolge wat daaruit mag voortspruit gedurende die kamp.

Ek gee ook toestemming dat foto's waarop bogenoemde tiener verskyn gebruik kan word vir kamp- / kerkdoeleindes.

Ek gee ook toestemming dat ons kontakbesonderhede mbt die POPI Wet deur die RJK gebruik kan word vir toekomstige kampe ens.

Sover ek weet verkeer my kind in 'n goeie gesondheistoestand. Ek versoek die verantwoordelike persone egter om te let op (noem enigiets waaraan u kind ly of aktiwiteite waaraan hy / sy nie mag deelneem nie):

______________________________________________

(Gee asb volledige besonderhede bv Bysteek - Allergie - Het medikasie (Epipen)

**Ek onderneem ook dat indien my kind enige kosallergie het, dat ek voorsiening sal maak vir alternatiewe rondom reelings met die etes ens.**

Geteken te ________________________ op _______/____________2024

______________________________
**HANDTEKENING VAN OUER / VOOG**

**INSKRYWINGS SLUIT VRYDAG 7 JUNIE 2024**